

Remgro *Beperk*

TUSSENVERSLAG

ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG
31 DESEMBER 2012 EN VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

HOOF TREKKE

- > Tussendividend per aandeel: **+15.1%**
- > Wesensverdienste per aandeel: **-35.1%**
- > Wesensverdienste per aandeel, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste: **+18.6%**
- > Intrinsieke waarde per aandeel op 31 Desember 2012, as vergelyk word met 30 Junie 2012: **+19.6%**

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

	31 Desember 2012 R'm	31 Desember 2011 R'm	30 Junie 2012 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	3 646	3 169	3 485
Biologiese landbouibates	99	131	99
Beleggingseiendomme	38	40	37
Ontasbare bates	363	327	356
Beleggings – Geassosieerde maatskappye	42 490	37 112	38 321
– Gesamentlike ondernemings	153	267	130
– Ander	1 996	5 886	1 587
Aftreevoordele	171	154	164
Lenings	199	112	115
Uitgestelde belasting	6	7	6
	49 161	47 205	44 300
Bedryfsbates			
Voorraad	2 147	1 984	2 002
Biologiese landbouibates	497	431	476
Debiteure en korttermynlenings	2 682	2 596	2 071
Beleggings in geldmarkfondse	2 448	2 335	2 344
Kontant en kontantekwivalente	2 767	5 367	6 484
Ander bedryfsbates	174	146	136
	10 715	12 859	13 513
Bates gehou vir verkoop	240	177	214
Totale bates	60 116	60 241	58 027
EKWITEIT EN LASTE			
Verklaarde en uitgereikte kapitaal	3 605	3 605	3 605
Reserwes	52 061	52 318	50 018
Tesourie-aandele	(485)	(176)	(169)
Aandeelhouersekwiteit	55 181	55 747	53 454
Nie-beherende belang	786	784	799
Totale ekwiteit	55 967	56 531	54 253
Nie-bedryfslaste			
Aftreevoordele	210	187	203
Langtermynlenings	137	155	105
Uitgestelde belasting	680	997	673
Bedryfslaste	3 122	2 371	2 793
Handels- en ander krediteure	2 550	1 956	2 493
Korttermynlenings	505	211	279
Ander bedryfslaste	67	204	21
Totale ekwiteit en laste	60 116	60 241	58 027
Netto batewaarde per aandeel (Rand)			
– Teen boekwaarde	R107.62	R108.41	R103.93
– Teen intrinsieke waarde	R182.54	R142.99	R152.61

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2012 R'm	31 Desember 2011 R'm	30 Junie 2012 R'm
Verkope	7 860	6 883	13 532
Voorraaduitgawes	(5 209)	(4 221)	(8 517)
Personeelkoste	(1 214)	(1 126)	(2 405)
Waardevermindering	(187)	(166)	(354)
Ander netto bedryfsuitgawes	(890)	(817)	(1 484)
Handelswins	360	553	772
Dividendinkomste	14	123	175
Rente ontvang	105	99	243
Finansieringskoste	(15)	(7)	(21)
Negatiewe klandisiewaarde	196	–	–
Netto waardedaling van beleggings, lenings, bates en klandisiewaarde	–	(28)	(295)
Wins met die verkoop en ontbondeling van beleggings	12	1 247	4 421
Gekonsolideerde wins voor belasting	672	1 987	5 295
Belasting	(138)	(373)	(462)
Gekonsolideerde wins na belasting	534	1 614	4 833
Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	1 373	2 385	4 532
Netto wins vir die tydperk	1 907	3 999	9 365
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers	1 891	3 944	9 284
Nie-beherende belang	16	55	81
	1 907	3 999	9 365

GEASSOSIEERDE MAATSKAPPYE EN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings

Wins voor inagneming van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items	2 304	3 012	6 094
Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	(94)	(9)	(197)
Wins met die verkoop van beleggings	45	307	381
Ander nie-herhalende en kapitale items	(5)	1	38
Wins voor belasting en nie-beherende belang	2 250	3 311	6 316
Belasting	(768)	(744)	(1 405)
Nie-beherende belang	(109)	(182)	(379)
	1 373	2 385	4 532

WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2012 R'm	31 Desember 2011 R'm	30 Junie 2012 R'm
Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers	1 891	3 944	9 284
Plus/(minus):			
– Negatiewe klandisiewaarde	(196)	–	–
– Netto waardedaling van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	–	11	26
– Waardedaling van ander beleggings	–	–	239
– Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	–	–	3
– Realisasie van buitelandse valuta-omskakelingsreserwes	–	59	94
– (Wins)/verlies met die verkoop van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	1	(1 305)	(1 056)
– Wins met die verkoop van ander beleggings	(13)	(1)	(3 455)
– Netto wins met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(8)	(2)	(79)
– Nie-wesensverdiensite items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	49	(299)	(241)
– Netto wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	(5)	–	(19)
– Wins met die verkoop van beleggings	(45)	(307)	(381)
– Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde	94	9	197
– Ander nie-herhalende en kapitale items	5	(1)	(38)
– Belastinguitwerking van aansuiwerings	(5)	180	181
– Nie-beherende belang	–	62	117
Wesensverdiensite	1 719	2 649	5 113

VERDIENSTE EN DIVIDENDE

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2012 Sent	31 Desember 2011 Sent	30 Junie 2012 Sent
Wesensverdiensite per aandeel			
– Basies	334.4	515.5	994.6
– Verwater	328.7	508.2	974.3
Verdiensite per aandeel			
– Basies	367.8	767.5	1 805.9
– Verwater	362.4	758.6	1 783.7
Dividende per aandeel			
Gewoon	145.00	126.00	314.00
– Tussen	145.00	126.00	126.00
– Finaal			188.00

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2012 R'm	31 Desember 2011 R'm	30 Junie 2012 R'm
Netto wins vir die tydperk	1 907	3 999	9 365
Ander omvattende inkomste, netto van belasting	1 177	1 318	(1 827)
Items wat later na die inkomstestaat herklassifiseer kan word:			
Wisselkoersaanpassings	233	762	792
Billike waarde aanpassings vir die tydperk	(162)	(350)	(866)
Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings	(5)	47	199
Herklassifikasie van reserwes na die inkomstestaat	(25)	(6)	(3 000)
Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	1 769	611	412
Items wat nie na die inkomstestaat herklassifiseer kan word nie:			
Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings	(633)	254	636
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	3 084	5 317	7 538
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Ekwiteithouers	3 068	5 262	7 457
Nie-beherende belang	16	55	81
	3 084	5 317	7 538

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2012 R'm	31 Desember 2011 R'm	30 Junie 2012 R'm
Saldo aan die begin van die tydperk	54 253	52 330	52 330
Totale omvattende inkomste vir die tydperk	3 084	5 317	7 538
Dividende betaal	(999)	(1 139)	(1 809)
Kapitaal deur minderhede geïnvesteer	–	1	6
Ander bewegings	2	(1)	1
Tesourie-aandele deur volfiliaal aangekoop	(405)	–	–
Langtermyn aandele-aansporingskema-reserwe	32	23	84
Ontbondeling van belegging	–	–	(3 897)
Saldo aan die einde van die tydperk	55 967	56 531	54 253

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig
	31 Desember 2012 R'm	31 Desember 2011 R'm	30 Junie 2012 R'm
Kontant uit/(deur) bedrywighede voortgebring/(benut)	(89)	(515)	949
Belasting betaal	(103)	(213)	(431)
Dividende ontvang	1 526	1 719	3 150
Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite	1 334	991	3 668
Dividende betaal	(999)	(1 139)	(1 819)
Netto kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite	335	(148)	1 849
Beleggingsaktiwiteite	(4 394)	1 032	124
Finansieringsaktiwiteite	47	16	139
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	(4 012)	900	2 112
Toename in geldmarkfondse	(104)	(610)	(619)
Wisselkoerswins op buitelandse kontant	188	567	586
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk	6 394	4 315	4 315
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk	2 466	5 172	6 394
Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand	2 767	5 367	6 484
Oortrokke bankrekening	(301)	(195)	(90)

ADDISIONELE INLIGTING

	31 Desember 2012	31 Desember 2011	30 Junie 2012
Aantal aandele uitgereik			
– Gewone aandele sonder pariwaarde (31 Desember 2011: 1 sent elk)	481 106 370	481 106 370	481 106 370
– Ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde (31 Desember 2011: 10 sent elk)	35 506 352	35 506 352	35 506 352
Totale aantal aandele uitgereik	516 612 722	516 612 722	516 612 722
Aantal aandele in tesourie gehou			
– Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou	(3 862 662)	(2 378 920)	(2 279 155)
	512 750 060	514 233 802	514 333 567
Geweegde aantal aandele	514 106 204	513 901 431	514 090 014

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdiens te per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

Statutêre aangeleenthede

Die maatskappy het gedurende die tydperk onder oorsig 'n nuwe akte van oprigting aangeneem. Die nuwe akte van oprigting het die bestaande akte van oprigting en statute van die maatskappy vervang, ooreenkomstig die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig.

Terselfdertyd, is die maatskappy se gemagtigde en uitgereikte gewone aandele met 'n pariwaarde van R0.01 elk omgeskakel na gemagtigde en uitgereikte gewone aandele sonder pariwaarde en die gemagtigde en uitgereikte B-gewone aandele met 'n pariwaarde van R0.10 elk omgeskakel na gemagtigde en uitgereikte B-gewone aandele sonder pariwaarde. Gevolglik is die maatskappy se aandeelpremie ook omgeskakel na verklaarde kapitaal.

ADDISIONELE INLIGTING (VERVOLG)

	31 Desember 2012 R'm	31 Desember 2011 R'm	30 Junie 2012 R'm
Genoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	28 573	24 474	25 713
– Markwaarde	55 358	33 335	40 601
Ander			
– Boekwaarde	710	5 172	768
– Markwaarde	710	5 172	768
Ongenoteerde beleggings			
Geassosieerd			
– Boekwaarde	13 917	12 638	12 608
– Direkteurswaardasies	26 516	21 116	23 464
Gesamentlike ondernemings			
– Boekwaarde	153	267	130
– Direkteurswaardasies	153	264	130
Ander			
– Boekwaarde	1 286	714	819
– Direkteurswaardasies	1 286	714	819
Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting	351	246	771
Kapitaal- en beleggingsverpligtinge	4 715	2 630	5 678
(Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie)			
Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede*	2 232	2 313	2 420
Dividende ontvang vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings teen beleggings verreken	1 495	1 606	2 942

* Die waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede hou hoofsaaklik verband met drie onopgeloste belastinggeskille met SAID. Twee van die geskille (ten bedrae van R1 158 miljoen gesamentlik) hou verband met die terugkoop en kansellering van tesourie-aandele, terwyl die derde geskil (ten bedrae van R755 miljoen) ten opsigte van die verkoop van beleggings is. Albei bedrae sluit rente in. Al die aanslae word betwis op grond van regsadvies ontvang.

Die appèl teen die aanslag na die Belastinghof ten opsigte van die eerste tesourie-aandele dispuut was suksesvol, met uitspraak in Remgro se guns. SAID het gedeeltelike appèl teen die uitspraak van die Belastinghof aangeteken wat effektiewelik die voorwaardelike aanspreeklikheid ten opsigte van hierdie dispuut verminder met R211 miljoen (rente ingesluit). Die oorblywende geskilpunte sal in die Appèlhof teengestaan word.

KOMMENTAAR

1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die tussenverslag word ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit IAS 34: *Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 71 van 2008), soos gewysig, en die Noterings-vereistes van die JSE Beperk opgestel. Die finansiële state is onder die toesig van die hoof finansiële beampte, Leon Crouse GR(SA), opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is, met die uitsondering van die implementering van die wysigings aan IAS 1: *Aanbieding van Finansiële State*. Die implementering van die gewysigde rekeningkundige standpunt het slegs openbaarmaking beïnvloed en het geen uitwerking op die resultate van die huidige of vorige tydperke nie.

2. VERGELYKING MET VORIGE TYDPERK

Gedurende Oktober 2012 het Mediclinic International Beperk (Mediclinic) wesentlike eenmalige kostes wat met die volledige herfinansiering van sy Switserse en Suid-Afrikaanse skuld verband hou, aangegaan. Hierdie eenmalige items het die volgende ingesluit:

- die ontkenning van die verpligting wat teenoor markpryse waardeur is van CHF418 miljoen wat met die Switserse rentekoersruiltransaksie verband hou (geen belastingverligting is erken nie aangesien die belastingposisie nog nie gefinaliseer is nie);
- versnelde amortisasiekoste van gekapitaliseerde Switserse finansieringsuitgawes van CHF18 miljoen;
- brekkoste van R55 miljoen wat met die bestaande Suid-Afrikaanse skuld verband hou; en
- 'n gerealiseerde wins van R574 miljoen met buitelandse valutakontrakte.

Weens die feit dat Mediclinic 'n Maart-jaareinde het, sou Remgro normaalweg slegs die resultate van Mediclinic vir die ses maande geëindig 30 September 2012 verantwoord het (sonder om enige aanpassings te maak) met die voorbereiding van sy tussenresultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012. Weens die feit dat die bedrae ter sprake egter wesentlik is, is die resultate van Mediclinic vir die ses maande geëindig 30 September 2012 aangepas met die items waarna hierbo verwys word alvorens dit in Remgro se tussenresultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 verantwoord is.

Remgro se deel van hierdie aanpassings bedra 'n verlies van R1 423 miljoen.

3. RESULTATE

Wesensverdienste

Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste met 35.1% vanaf R2 649 miljoen tot R1 719 miljoen

afgeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel ook met 35.1% vanaf 515.5 sent tot 334.4 sent afgeneem het.

Met die uitsluiting van die uitwerking van die eenmalige items wat met die Mediclinic herfinansieringstransaksie waarna in 2 hierbo verwys word, verband hou, het wesensverdienste egter met 18.6% vanaf R2 649 miljoen tot R3 142 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel ook met 18.6% vanaf 515.5 sent tot 611.2 sent toegeneem het, soos in die tabel hieronder aangetoon.

Bydrae tot wesensverdienste

	Ses maande geëindig		Jaar geëindig	
	31 Des 2012 R'm	% Verandering	31 Des 2011 R'm	30 Junie 2012 R'm
Finansiële dienste	1 315	15.8	1 136	2 538
Nywerheidsbelange	216	(83.8)	1 334	2 236
Mediabelange	52	33.3	39	93
Mynbelange	–	(100.0)	112	148
Tegnologiebelange	33	6.5	31	77
Ander beleggings	17	30.8	13	22
Sentrale tesourie	120	100.0	60	140
Ander netto korporatiewe koste	(34)	55.3	(76)	(141)
Wesensverdienste	1 719	(35.1)	2 649	5 113
Mediclinic herfinansieringskoste	1 423	–	–	–
Wesensverdienste, uitgesluit Mediclinic herfinansieringskoste	3 142	18.6	2 649	5 113

Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.

Finansiële dienste

Die bydrae van finansiële dienste tot Remgro se wesensverdienste het R1 315 miljoen (2011: R1 136 miljoen) bedra, 'n styging van 15.8%. Daar moet gelet word daarop dat Remgro se effektiewe belange in RMBH en RMI wesentlik sedert Desember 2011 verander het nadat Remgro 'n gedeelte van sy belang in hierdie entiteite aan Royal Bafokeng Holdings (Edms) Beperk verkoop het. Beide FirstRand en RMBH het goeie resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 gerapporteer, hoofsaaklik weens sterk operasionele resultate deur FNB, WesBank en RMB. RMI het goeie resultate gerapporteer met 'n groei in wesensverdienste van 18.0%, met goeie verdienstegroei deur Discovery (20.4%) en MMI Holdings (68.3%), teengewerk deur laer verdienste van 13.7% in OUTsurance.

Nywerheidsbelange

Die bydrae van die nywerheidsbelange tot wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het met 83.8% tot R216 miljoen (2011: R1 334 miljoen)

afgeneem, hoofsaaklik weens die uitwerking van die eenmalige items wat met die Mediclinic-herfinansieringstransaksie waarna vroeër verwys is, verband hou. Uitgesluit hierdie eenmalige items, het die bydrae van die nywerheidsbelange tot wesenverdienste met 22.9% tot R1 639 miljoen toegeneem. Unilever se bydrae tot Remgro se wesenverdienste het met 27.1% tot R277 miljoen (2011: R218 miljoen) toegeneem. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in verkoopsvolumes en verbeterde marges. Distell se bydrae tot wesenverdienste, wat die beleggings in Capevin Holdings en Capevin Investments insluit, het R295 miljoen (2011: R261 miljoen) bedra. Hierdie verbeterde resultate is hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in verkoopsvolumes. Rainbow se bydrae tot wesenverdienste het R39 miljoen (2011: R149 miljoen) bedra. Rainbow ondervind tans moeilike handelstoestande en resultate word wesenlik beïnvloed deur rekordvlakke van goedkoop invoere en stygende insetkoste. Tsb Sugar se bydrae tot Remgro se wesenverdienste het R258 miljoen (2011: R308 miljoen) bedra. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van 'n verlaagde rietdeurset by Tsb Sugar se meulens weens die landwyse vervoerstaking en ongunstige klimaatstoestande. Air Products het laer verdienste gerapporteer met 'n bydrae tot wesenverdienste van R91 miljoen (2011: R96 miljoen). Grindrod het R57 miljoen tot wesenverdienste vir die tydperk onder oorsig bygedra (2011: R13 miljoen vir die twee maande sedert verkryging). Remgro se deel van die resultate van KTH vir die tydperk onder oorsig het R123 miljoen (2011: R37 miljoen verlies) bedra. Daar moet gelet word daarop dat KTH se resultate in die vergelykende tydperk negatief beïnvloed is deur ongunstige billike waarde aanpassings wat verband hou met sekere van sy beleggingsmaatskappye. Total South Africa se bydrae tot Remgro se wesenverdienste het R146 miljoen (2011: R117 miljoen) bedra. Soos in die vergelykende tydperk is Total South Africa se resultate vir die tydperk onder oorsig weereens beïnvloed deur aansienlike gunstige voorraadherwaardasies.

Mediabelange

Mediabelange bestaan hoofsaaklik uit die belange in Sabido, MARC en Premier Team Holdings (PTH). Sabido se bydrae tot Remgro se wesenverdienste het R78 miljoen (2011: R72 miljoen) bedra. PTH se bydrae tot wesenverdienste was 'n verlies van R20 miljoen (2011: R18 miljoen verlies). In die vergelykende tydperk is 'n verlies van R16 miljoen ten opsigte van die belegging in One Digital Media verantwoord. Die belegging is gedurende April 2012 verkoop.

Mynbelange

Tot die ontbondeling van Implats aan Remgro-aandeelhouers gedurende Junie 2012, was Implats die enigste oorblywende belegging wat onder mynbelange gerapporteer was. In die vergelykende tydperk is dividende ten bedrae van R112 miljoen van Implats ontvang.

Tegnologiebelange

Tegnologiebelange verteenwoordig hoofsaaklik die belange in die CIV groep van maatskappye en die belegging in SEACOM. Vir die tydperk onder oorsig het die CIV groep R34 miljoen tot Remgro se wesenverdienste bygedra (2011: R37 miljoen). SEACOM het 'n wesenverlies van R30 miljoen vir die tydperk onder oorsig gerapporteer (2011: R75 miljoen verlies) en Remgro se deel van hierdie verlies was R7 miljoen (2011: R19 miljoen verlies).

Ander beleggings

Die bydrae van ander beleggings tot wesenverdienste het R17 miljoen bedra (2011: R13 miljoen), waarvan Business Partners se bydrae R13 miljoen (2011: R8 miljoen) was.

Sentrale tesourie en ander netto korporatiewe koste

Die bydrae deur die sentrale tesourie-afdeling het R120 miljoen (2011: R60 miljoen) bedra. Hierdie toename is hoofsaaklik die gevolg van ongerealiseerde buitelandse wisselkoerswinste van R59 miljoen met die verskansing van die repatriasie van 'n gedeelte van Remgro se buitelandse kontantbalanse in afwagting op die beplande Rainbow-regteaanbod vroeg in Maart 2013. Ander netto korporatiewe koste het R34 miljoen (2011: R76 miljoen) bedra. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van die netto na-belaste onderskrywingsfooi van R46 miljoen wat ingevolge die Mediclinic-regteaanbod ontvang is.

Totale verdienste

Totale verdienste het met 52.1% tot R1 891 miljoen (2011: R3 944 miljoen) afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die verliese ten bedrae van R1 423 miljoen wat met Mediclinic se herfinansieringstransaksie verband hou wat gedurende die tydperk onder oorsig verantwoord is, sowel as kapitaalwinste ten bedrae van R1 099 miljoen wat in die vergelykende tydperk verantwoord is met die verkoop van RMBH-en RMI-aandeel aan Royal Bafokeng Holdings (Edms) Beperk, die verkoop van Tracker en die KTI en Tiso samesmelting.

4. INTRINSIEKE WAARDE

Remgro se intrinsieke waarde per aandeel het met 19.6% vanaf R152.61 op 30 Junie 2012 tot R182.54 op 31 Desember 2012 toegeneem. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

5. BELEGGINGSAKTIWITEITE

Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:

Mediclinic International Beperk (Mediclinic)

Gedurende Oktober 2012 het Mediclinic 'n volledige herfinansiering van sy Switserse en Suid-Afrikaanse skuld afgehandel. As deel van die transaksie het Mediclinic nuwe ekwiteit ten bedrae van R5.0 miljard verkry deur 'n regteaanbod wat Remgro ingestem het om te onderskryf.

Ingevolge die regteaanbod het Remgro 'n bykomende 75 788 206 Mediclinic-aandeel vir 'n totale bedrag van R2 169.8 miljoen verkry. Aangesien die regteaanbod oorteken is, het Remgro geen bykomende aandeel in Mediclinic ingevolge die onderskrywingsooreenkoms verkry nie. Op 31 Desember 2012 was Remgro se effektiewe belang in Mediclinic 44.5% (30 Junie 2012: 45.0%).

Rainbow Chicken Beperk (Rainbow)

Op 14 November 2012 het Rainbow aangekondig dat hy 'n effektiewe belang van 64.2% in New Foodcorp Holdings (Edms) Beperk (Foodcorp) vir 'n totale bedrag van R1 037 miljoen bekom het. Die transaksie is onderhewig aan goedkeuring deur die Mededingingskommissie, wat in Maart 2013 ver wag word. Foodcorp beskik oor 'n sterk handelsmerkportefeulje wat sal help om Rainbow se verdienstestroom in verskillende produkte en markte te diversifiseer.

Op 4 Februarie 2013 is ook aangekondig dat Rainbow 'n ooreenkoms aangegaan het om 'n 49%-belang in Zam Chick Beperk (Zam Chick) vir \$14.25 miljoen te verkry. Zam Chick is die braaihoenderbedrywig hede van Zambef plc van Zambië, self 'n ten volle geïntegreerde agri-besigheid wat op die effektebeurse van Lusaka en Londen geneet is. Die beoogde transaksie is in ooreenstemming met Rainbow se strategie om na die sub-Saharastreek in Afrika uit te brei en is onderhewig aan regulerende goedkeuring, in Zambië sowel as in Suid-Afrika.

Rainbow sal beide verkrygings waarna hierbo verwys is, finansier uit 'n gedeelte van die opbrengs van die regteaanbod van R3.9 miljard wat vroeg in Maart 2013 afgehandel is. Tesame met die aandeel wat as onderskrywer van die regteaanbod verkry is, het Remgro 'n bykomende 219.6 miljoen Rainbow-aandeel vir 'n totale bedrag van R3 118.6 miljoen verkry. Hierdie transaksie het Remgro se effektiewe belang in Rainbow tot 76.2% (30 Junie 2012: 73.4%) verhoog.

Pembani Remgro Infrastructure Fund (PRIF)

PRIF is as 'n gesamentlike inisiatief tussen Remgro en Phuthuma Nhleko gestig en fokus op beleggings in infrastruktuurmaatskappye en -projekte (en verwante industrieë) in Afrika. Gedurende November 2012 het Remgro R500 miljoen in PRIF belê wat gebruik is om 'n gedeelte van sy belegging van \$75 miljoen in die Export Trading Group (ETG) te befonds. ETG besit en bestuur 'n vertikaal geïntegreerde landbou-infrastruktuur-aanbodketting in sub-Sahara Afrika, met bedrywig hede in verkryging, verwerking, bewaring, logistiek, verspreiding en handel.

Kagiso Tiso Holdings (Edms) Beperk (KTH)

Gedurende Augustus 2012 het Remgro sy aandeelhouing in KTH verhoog deur 'n adisionele 7.2%-belang vir 'n totale bedrag van R486.1 miljoen te verkry. Hierdie transaksie het Remgro se belang vanaf 25.1% tot 32.3% verhoog.

Grindrod Beperk (Grindrod)

Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere 9 178 903 Grindrod-aandeel vir 'n totale bedrag van R135.8 miljoen verkry. Hierdie verkrygings het Remgro se effektiewe belang in Grindrod tot 25.0% verhoog (24.6% op 'n ten volle verwaterde grondslag), vergeleke met 23.5% op 30 Junie 2012.

Business Partners Beperk (Business Partners)

Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere 21 768 223 Business Partners-aandeel vir 'n totale bedrag van R120.3 miljoen verkry. Remgro se belang in Business Partners, op 'n ten volle verwaterde grondslag, het tot 41.1% toegeneem (30 Junie 2012: 29.0%).

Capevin Holdings Beperk (Capevin Holdings)

Gedurende Augustus 2012 het Capevin Holdings al die aandeel in Capevin Investments Beperk (Capevin Investments) verkry wat nog nie deur hulle besit is nie deur die uitreik van 21 Capevin Holdings-aandeel vir elke 1 Capevin Investments-aandeel.

Die transaksie het geen invloed op Remgro se indirekte belang in Distell Groep Beperk gehad nie, wat onveranderd op 33.5% gebly het.

MARC Group Beperk (MARC)

Gedurende November 2012 is aangekondig dat die beoogde transaksie deur Kagiso Media Beperk (Kagiso Media) en Remgro ingevolge waarvan Kagiso Media 100% van die aandeel in Trinergy Brand Connectors (Edms) Beperk, Experiential Marketing (Edms) Beperk en EXP Momentum Beperk, asook die 50% indirekte belang in Blue Bulls Company (Edms) Beperk wat deur MARC gehou word, sou bekom, onsuksesvol was.

Ander kleiner beleggings wat gedurende die tydperk onder oorsig gemaak is in onder andere die Milestone China Funds en Premier Team Holdings Limited, het R362 miljoen bedra.

6. INLIGTING MET BETREKKING TOT ONGENOTEERDE BELEGGINGS

Unilever South Africa Holdings (Edms) Beperk (Unilever Suid-Afrika)

Unilever Suid-Afrika se bydrae tot Remgro se wesensverdiens te vir die ses maande tot 31 Desember 2012 het met 27.1% tot R277 miljoen (2011: R218 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van groei in omset en verhoogde marges. Herstrukturering koste net bedrae van R31 miljoen (2011: R15 miljoen) is ingesluit by Remgro se deel van Unilever se verdienste, waarvan die toename toeskryfbaar is aan 'n tweeledige bedryf van 'n oorgangskoste verbonde aan die aanvang van 'n nuwe Southappie-fabriek.

Unilever Suid-Afrika se omset vir die ses maande tot 31 Desember 2012 het met 11.5% tot R8 563 miljoen (2011: R7 680 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik te danke aan verhoogde volumes

in die tuissorg-, skoonheids-, roomys- en sout & kookmiddels-afdelings, asook die verhaling van kommoditeitsprysstygings en innoverende nuwe inisiatiewe. Die verkryging van die Sara Lee en Oral Care handelsmerke het ook 'n positiewe bydrae tot verhoogde omset gelewer.

Die maatskappy se na-belaste wins vir die tydperk onder oorsig het met 3.9% tot R1 063 miljoen (2011: R1 106 miljoen) afgeneem. Hierdie afname was hoofsaaklik as gevolg van 'n na-belaste wins ten bedrae van R267 miljoen met die verkoop van die Sanex en Status handelsmerke wat in die vorige tydperk se verdienste ingesluit was.

Tsb Sugar Holdings (Edms) Beperk (Tsb Sugar)

Tsb Sugar se bydrae tot Remgro se wesensverdiensde vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 het R258 miljoen (2011: R308 miljoen) beloop. Hierdie afname is hoofsaaklik die gevolg van 'n verlaagde rietdeurset by Tsb Sugar se suikermeulens, danksy die landwyse vervoerstaking asook ongunstige klimaatstoestand.

Omset vir die tydperk onder oorsig het met 13.1% van R2 441 miljoen na R2 761 miljoen gestyg. Uitvoere verteenwoordig 15.4% van omset. Die toename is hoofsaaklik toeskryfbaar aan verhoogde suikerpryse en die styging in uitvoer volumes.

Tsb Sugar se suikerproduksie het in die tydperk onder oorsig afgeneem met 20% tot 339 975 ton (2011: 424 863 ton) terwyl die Suid-Afrikaanse suikerbedryf se produksie vir die ooreenstemmende tydperk met 8.4% gedaal het. Die verlaging in Tsb Sugar se produksie is hoofsaaklik toeskryfbaar aan die landwyse vervoerstaking en ongunstige klimaatstoestand wat daartoe gelei het dat die meulens nie teen volle kapasiteit bedryf kon word nie. Die agterstand behoort grootliks ingehaal te word deur die beplande verlenging van die nuwe suikerseisoen.

Die Royal Swaziland Sugar Corporation se bydrae tot Tsb Sugar se wesensverdiensde vir die tydperk was R107 miljoen (2011: R85 miljoen). Die verhoging kan hoofsaaklik aan hoër produksie en beter suiker- en etanolpryse toegeskryf word.

Air Products South Africa (Edms) Beperk (Air Products)

Air Products het 'n September-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2012 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Air Products se bydrae tot Remgro se wesensverdiensde vir die tydperk onder oorsig het met 5.2% tot R91 miljoen (2011: R96 miljoen) afgeneem.

Vir die ses maande geëindig 30 September 2012 het Air Products se omset met 11.2% tot R875 miljoen (2011: R787 miljoen) toegeneem, terwyl die maatskappy se bedryfswins met 4.2%

tot R277 miljoen (2011: R289 miljoen) afgeneem het. Ongerealiseerde valutawinsde van R30 miljoen op valutatermykontrakte vir die invoer van kapitaaltoerusting, het 'n positiewe impak op die vorige tydperk se bedryfswins gehad.

Air Products is die grootste vervaardiger van industriële gasse in Suidelike Afrika. Air Products is ook 'n invoerder en verspreider van 'n verskeidenheid spesialiteitsgasse en chemiese produkte wat gelewer word aan 'n wye reeks industrieë wat insluit staal, chemikalieë, olieraffinerings, hulpbronnminerale, glas, pulp en papier, voedselverpakking asook algemene vervaardiging, fabriekswese en sweiswerke.

Grootmaatvolumes tot geringe tekens van herstel, as gevolg van lae staalproduksie en die lae vraag na minerale. Onseker vooruitsigte vir volumes in hierdie sektore duur voort, maar grootmaat vloeibare en verpakte gasprodukte se volumes is stabiel en toon jaar-op-jaar groei.

Sabido Investments (Edms) Beperk (Sabido)

Remgro het 'n effektiewe belang van 31.6% in Sabido, wat oor 'n reeks mediabelange beskik, wat e.tv, Suid-Afrika se enigste onafhanklike gratis televisiekanaal, sy nuusdienssuster, die eNews Africa-kanaal (eNCA), Yfm, 'n radiostasie gebaseer in Gauteng, en verskeie ander ateljee- en fasiliteitsbesighede insluit.

Sabido het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2012 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdiensde vir die tydperk onder oorsig het R78 miljoen (2011: R72 miljoen) bedra. Hierdie bedrag sluit 'n koste van R5 miljoen (2011: R5 miljoen) in wat verband hou met die amortisasie van ontasbare bates wat met die verkryging van VenFin Beperk gedurende November 2009 geïdentifiseer is.

e.tv het daarin geslaag om steeds goed te vaar teen verhoogde mededinging ondanks aggressiewe groei deur betaalkanaal-televisie, wat markaandeel vir gratis televisiekanaale beïnvloed. Volgens die Junie 2012-opname van All Media Products Survey het e.tv se kykental met 'n verdere 2.6% tot 16.5 miljoen gegroei, beter as die 1.2%-groei vir die industrie. Die voortgesette vertraging in die loodsing van digitaal-terrestriale televisie vererger steeds die verlies aan kykers wat hulle tot betaalkanaal-televisie wend, aangesien gratis televisiekanaale steeds nie multikanaal-aanbiedinge kan lewer nie. Die toekoms van gratis televisiekanaale in Suid-Afrika, insluitend e.tv, is krities afhanklik van die beskikbaarheid van 'n platform wat doeltreffende mededinging met die dominante betaalkanaal-rolspeler moontlik maak.

e.sat tv se hoofbedrywigheid, eNCA, het gebaat by groei in DStv se Compact-platform en het sy posisie as die vooraanstaande nuusdiens op DStv gehandhaaf. eNCA is gedurende Augustus 2012

op die Sky digitale platform in die Verenigde Britse Koninkryk (VK) geloods wat dit aan 10 miljoen huishoudings in die VK beskikbaar stel en die diens is ook internasionaal beskikbaar op die aanlynplatform Livestation. eNCA verskaf steeds gesindikeerde dienste aan e.tv, e.tv Africa, The Africa Channel (VK) en KykNET (via die eNuus-handelsmerk).

Netto advertensieverkope vir die tydperk onder oorsig by e.tv, eNCA en Yfm was onder druk, maar program- en bedryfskoste het stabiel gebly. Die ateljee- en fasiliteitsbesighede se vertoning het aan verwagtinge voldoen, met uitsluiting van die naveraadigingsbesigheid, The Refinery, wat moeilike markomstandighede ervaar.

Die groep sal in die komende maande fokus op die voortgesette ontwikkeling van 'n multikanaalstrategie om mededingendheid oor 'n verskeidenheid van platforms te verhoog en geleenthede vir nuwe inkomstestrome te bied. Dit sluit in die loodsing van e.tv Online en eNCA Online gedurende die eerste helfte van 2013.

Kagiso Tiso Holdings (Edms) Beperk (KTH)

KTH is 'n vooraanstaande swart beheerde beleggingshouermaatskappy met meer as R15 miljard se bates en 'n netto batabaarde van R9 miljard. KTH het 'n sterk en gediversifiseerde beleggingsportefeulje wat die hulpbronne-, industriële, media-, finansiële-dienste-, gesondheidsorg-, eiendoms- en inligtingstechnologiesektor dek.

Aangesien KTH se finansiële jaareinde 30 Junie is, word die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 in Remgro se wesensverdiensle vir die tydperk onder oorsig ingesluit. KTH se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle vir die tydperk onder oorsig het R123 miljoen (2011: verlies van R37 miljoen) bedra. Daar moet gelet word daarop dat KTH se resultate in die vergelykende tydperk negatief beïnvloed is deur ongunstige billike waarde aanpassings wat verband hou met beleggings in Exxaro Resources Beperk en Aveng Beperk. Resultate vir die tydperk onder oorsig is beïnvloed deur positiewe billike waarde aanpassings op beleggings in MMI Holdings Beperk (R463 miljoen) en Emira Property Fund (R72 miljoen), wat gedeeltelik teengewerk is deur negatiewe billike waarde aanpassings op beleggings in Exxaro Resources Beperk (R353 miljoen) en Adcock Ingram Holdings Beperk (R97 miljoen).

Inkomste vanuit ekwiteitsverantwoorde beleggings het R184 miljoen (2011: R166 miljoen) bedra waarvan XK Platinum vennootskap en Actom Investment Holdings (Edms) Beperk die grootste bydrae gelewer het. 'n Spesiale dividend van R55 miljoen is ook gedurende die tydperk onder oorsig van MMI Holdings Beperk ontvang.

KTH beskik oor 'n goed gediversifiseerde beleggings- en besigheidstrategie, 'n gesonde bate- en kapitaalbasis asook 'n ervare en diverse bestuurspan wat die groep in die posisie van 'n vooraanstaande swart beheerde en bestuurde beleggingsmaatskappy plaas.

Total South Africa (Edms) Beperk (Total)

Total het 'n Desember-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Total se bydrae tot Remgro se wesensverdiensle vir die tydperk onder oorsig het R146 miljoen (2011: R117 miljoen) bedra.

Total se omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 het met 12.9% van R15 378 miljoen tot R17 365 miljoen toegeneem, terwyl sy bedryfswins tot R780 miljoen (2011: R630 miljoen) toegeneem het. Die beter vertoning is hoofsaaklik toeskryfbaar aan positiewe voorraadwaardasie-aanpassings van R463 miljoen (2011: positiewe aanpassing van R300 miljoen) as gevolg van 'n styging in die internasionale olieprys vanaf VSA\$94 per vat op 30 Junie 2012, na VSA\$112 per vat op 31 Desember 2012.

Kleinhandelverkope van petroleumprodukte het laer vlakke as in 2011 behaal. Brandstofpomppryse van hoër as R11 per liter en verbruikersreaksie daarop, het die vraag na petroleumprodukte in die kleinhandelbesigheid gedurende die tydperk laat afneem. Total se marktaandeel in hoofbrandstowwe het ook na verwagting effens afgeneem vanaf 2011 na 2012, weens fokus op verkope met hoër marges in die algemene handelsbesigheid.

Die maatskappy het sy vlak van kapitaalbesteding ten opsigte van gesondheid, veiligheid, omgewing en kwaliteitsprojekte, by depots en vulstasies versterk. Total het spesifiek 'n projek geloods om te verseker dat alle plaaslike vulstasies aan die standaarde van Total Group, wat strenger as Suid-Afrikaanse norme is, voldoen.

Natref (waarin Total 'n belang van 36.4% het) het 'n beplande totale sluiting van die raffinadery gedurende Oktober 2012 ervaar, wat 'n negatiewe effek op produksie vir die tydperk onder oorsig gehad het. Raffineringsmarges het steeds verbeter, as gevolg van gunstige markpryse vir motor- en vliegtuigbrandstof, en hoër vlakke is in 2012 gehandhaaf.

SEACOM Capital Beperk (SEACOM)

Remgro het 'n effektiewe belang van 25.0% in SEACOM, wat in Julie 2009 die eerste teragreep-ondersese veseloptiese kabel geloods het wat suidelike en oostelike Afrika met Europa en Asië verbind. Die kabel verbind Suid-Afrika, Mosambiek,

Tanzanië, Kenia en Djibouti met die res van die wêreld via landingspunte in Frankryk (en van daar na Londen) en Indië. Landomringde lande (Uganda, Rwanda, Ethiopië, ens.) word deur middel van landgebaseerde truerverbinding ingeskakel.

SEACOM het 'n Desember-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2012 by Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. SEACOM se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het in die tydperk onder oorsig 'n verlies van R7 miljoen (2011: verlies van R19 miljoen) bedra. SEACOM het egter positiewe kontantvloei en Remgro het gedurende die jaar onder oorsig dividende van R59 miljoen vanaf SEACOM ontvang, wat die kumulatiewe dividende wat sedert die verkryging van VenFin Beperk ontvang is, op R239 miljoen te staan bring.

SEACOM verskaf internasionale hoëkapasiteit veseloopiese bandwydte aan kliënte in die vorm van onvervreembare gebruiksreg, verhuurings en onderhoudskostes, waar die meeste van die inkomste oor 20 jaar verantwoord word. Verdragings in die implementering van die kabelverbinding deur Egipte het addisionele onvoorsiene bedryfskoste vir SEACOM veroorsaak, wat na verwagting nie-herhalend van aard sal wees. SEACOM handhaaf 'n proaktiewe benadering om winsgewendheid te verbeter deur implementering van verskeie kostebesparingsinisiatiewe.

Die opgradering van die EASSy-kabel, SEACOM se mededinger langs die ooskus van Afrika, en die koms van die WACS-kabel (West African Cable System), 'n sub-Sahara-mededinger van SEACOM, sal na verwagting steeds verhoogde verskaffing van bandwydte lewer wat afwaartse druk op pryse sal plaas.

Verbeterde bekostigbaarheid dra by tot hoër as verwagte groei in vraag, weens die positiewe wisselwerking van vraag-elasticiteit. Vraag speel steeds 'n positiewe rol, gedryf deur volgehoue vermindering in randgebaseerde kostes (selfoon-diensverskaffer-aanbiedinge en ander verskaffers soos Dark Fibre Africa en FibreCo), asook 'n groot toename in die vraag na betroubare beskermde roetes rondom Afrika. SEACOM se vermoë om spoedig by vinnig veranderende toestande in die mark aan te pas, en in addisionele vraag te voorsien stel die maatskappy in staat om sy gunstige mededingingsposisie te handhaaf.

Community Investment Ventures Holdings (Edms) Beperk (CIV)

Remgro het 'n effektiewe belang van 43.8% in die CIV groep, wat in die telekommunikasie- en inligtingstegnologiesektor bedrywig is. Die groep het besluit om op die telekommunikasie-

infrastruktuurmark te fokus en gevolglik is die groep in die proses om maatskappye wat nie direk in lyn met hierdie mark is nie, te verkoop. Al die beleggings in die kragbedryf (CIV Power) is reeds verkoop. Die oorblywende nie-kern bedryfsmaatskappye in die telekommunikasieportefeulje (CIE Telecommunications) is in verskeie stadiums van verkoop. Die belangrikste bedryfsmaatskappy is Dark Fibre Africa (DFA), wat veseloopiese netwerke bou en besit.

Die CIV groep het 'n Maart-jaareinde en gevolglik is die maatskappy se resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2012 in Remgro se resultate vir die tydperk onder oorsig ingesluit. Die CIV groep se bydrae tot Remgro se wesensverdienste vir die tydperk onder oorsig het R34 miljoen (2011: R37 miljoen) bedra, waarvan CIE Telecommunications (R18 miljoen) en DFA (R10 miljoen) die grootste bydraes gelewer het.

Na verwagting sal die CIV groep se groei rondom DFA en ander potensiële gepaardgaande beleggingsgeleenthede sentreer. DFA se omsat vir die tydperk onder oorsig het met 41.1% tot R302 miljoen (2011: R214 miljoen) toegeneem, danksy goeie groei in annuïteitsinkomste. Een van die hoof bedryfsuitdagings wat DFA in die gesig staar is die stadiger as verwagte voltooiing van klante se seinstasies wat DFA se vermoë om hierdie stasies by die netwerk in te skakel, negatief beïnvloed. 'n Ander uitdaging is die verdragings in die verkryging van padverlofregte vanaf munisipaliteite en padowerhede wat DFA verhoed om veseloopiese netwerke betyds te voltooi. Beide hierdie uitdagings lei tot 'n vertraging in die generering van inkomste om toenemende waardevermindering en finansieringskoste, ten opsigte van die uitrol van die netwerk, te dek, wat laer dienste vir die tydperk onder oorsig tot gevolg het.

DFA fokus tans op 'n aggressiewe uitrol van die netwerk. Na voltooiing van 'n gedeelte van die netwerk, word die bate erken en waardevermindering op die volle infrastruktuurkoste, asook finansieringskoste, word dan rekeningkundig verantwoord. Die huidige waarde van die veseloopiese netwerk beloop meer as R3 miljard.

DFA het veseloopiese netwerke in Johannesburg, Kaapstad en Durban (uitgebrei tot by Pietermaritzburg), Midrand, Centurion en Pretoria. Die netwerk is gedurende die afgelope jaar na 15 kleiner dorpe uitgebrei. Die Johannesburgse netwerk word as een van die belangrikste kommunikasienetwerke in Afrika beskou. Tot dusver is 'n totale afstand van 6 915 km in belangrike stedelike gebiede en op langafstandroetes voltooi. Langafstandroetes sluit in dié tussendeur die stedelike gebied van Durban en SEACOM se landingstasie in Mtunzini. Hierdie roete is deur Empangeni tot in Gauteng verleng. DFA het

ook die bou van 'n langafstandroete om Kaapstad met die WACS onderse kabel se landingstasie in Yzerfontein te verbind, voltooi. WACS beskik oor die grootste kapasiteit van alle onderse kables na Suid-Afrika. In 2010 het DFA begin met die vesel-tot-toring-projek wat selfoon-operateurs se basisstasies met die kernkommunikasie-netwerke verbind, en hierdie projek sal tot in 2013 en daarna voortgesit word soos die vraag na mobiele truerverbinding verhoog as gevolg van die goeie groei in vraag na data vanaf slimfone. Mobile truerverbinding is 'n belangrike groei-area vir DFA, as gevolg van die verhoogde vraag na mobiele breëband. DFA beskik oor 4 069 basis seinontvangerstasies op die netwerk wat drie van die vier selfoonoperateurs dek.

DFA het kommersiële huurooreenkomste met 41 kliente wat oorspronklik vir elektroniese kommunikasie-netwerkdienste beskik, aangegaan, wat wissel van die grootste spelers tot klein nisooperateurs, en daardeur is 'n annuïteitsinkomste-genererende besigheid gevestig. Die inkomstemodel is aanpasbaar om in kliente se behoeftes te kan voorsien, met die verkoop van onvervreembare gebruiksreg wat 'n eenmalige voorafbetaling vereis of betaling op jaarlikse grondslag vir multijaar kontrakte. Ongeveer 63% van inkomste is tans annuïteitsinkomste wat goeie vooruitsigte vir die afsienbare toekoms weerspieël.

PGSI Beperk (PGSI)

PGSI se bydrae tot Remgro se wesensverdiensite vir die ses maande tot 31 Desember 2012 het R10 miljoen (2011: R3 miljoen) bedra, wat 'n negatiewe aanpassing van R5 miljoen (2011: R5 miljoen) ten opsigte van die omskeppingsreg op voorkeuraandele in PGSI insluit.

PGSI se omset vir die tydperk onder oorsig het met 4.2% vanaf R1 607 miljoen tot R1 675 miljoen toegeneem, terwyl sy bedryfswins voor inagnome van waardevermindering en amortisasie (EBITDA) R194 miljoen (2011: R133 miljoen) bedra het. Die toename in EBITDA was hoofsaaklik die gevolg van 'n verbetering in die plaaslike en wêreldwye ekonomiese toestande, tesame met 'n verswakking in die rand-geldeenheid. Die ekonomiese toestande is steeds broos en onseker, ten spyte van onlangse verbeteringe.

Uittredes uit die industrie deur sekere plaaslike rolspelers en die sluiting van dryfglasaanlegte in Europa en die VSA, het totale aanbod laat afneem.

PG Group, die hoofbedryfsfiliaal in Suid-Afrika, is geaffekteer deur die wêreldwye en plaaslike resessie van die afgelope paar jaar, veral in die plaaslike boubedryf. Alhoewel die laekostebehuising-bousektor stadig van die ekonomiese afswaai herstel het, is die herstel van die kommersiële boubedryf 'n middel- en hoërklasbehuising-sektor swak en toon dit steeds 'n lae vraag na glas. Oorskot

vervaardigingskapasiteit het tot verlaagde marges op 'n aantal produksie geleidelik. Die laer plaaslike vraag het ook na verhoogde uitvoere geleidelik, wat 'n ongunstige verkoopsmengsel veroorsaak het, hoofsaaklik as gevolg van wisselkoersfaktore. Groei in verkope van nuwe motors het 'n positiewe impak op die verkope van die Shatterprufe-afdeling gehad, maar die bou van voertuie vir die uitvoeremark is laer as in die vorige tydperk weens 'n swakker vraag na plaaslik vervaardigde nuwe voertuie.

Die moeilike markomstandighede van die vervaardigingssektor in Suid-Afrika is vererger deur 'n baie wisselvallige rand, maar huidige vlakke van die rand sal die bedryf positief beïnvloed deurdat die groep sal baat by verhoogde uitvoerverdiensite en laer volumes van invoere. PG Group het 'n aantal inisiatiewe geloods om winsgewendheid in hierdie moeilike handelstoestande te verbeter, wat reeds goeie uitwerking op verdienste toon. Dit sluit in: die herorganisasie van bestuurstrukture om op geleenthede, doeltreffendheid en kostebesparing te fokus, asook 'n verbetering in produktiwiteit by alle vervaardigingsfasiliteite.

Wispeco Holdings Beperk (Wispeco)

Omset vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 het met 11.2% tot R598 miljoen (2011: R538 miljoen) verhoog. Hierdie groei in omset is hoofsaaklik toeskryfbaar aan verhoogde verkoopsvolume terwyl prysverhoging eers teen die einde van die tydperk in werking getree het. Wesensverdiensite vir die tydperk onder oorsig het met 20.8% tot R29 miljoen (2011: R24 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die hoër omset tesame met 'n stabiele oorhoofse kostestruktuur en handhawing van bruto marges tydens 'n tydperk van voortgesette strawwe prysmededinging (beide plaaslik en vanaf invoere).

Hersmelting van herwinde aluminium is steeds 'n belangrike inisiatief vir Wispeco met die doel om sy koolstofvoetspoor te verlaag. Wispeco verhoog ook sy fokus op verbetering in produktiwiteit en effektiwiteit in die hoër vervaardigingsafdelings, om mededingendheid teenoor plaaslike en buitelandse verskaffers te verhoog.

Wispeco se innoverende reeks van argitektoniese produkte onder die Crealco-handelsnaam neem steeds toe, en meer produkte en hulpprogrammatuur gemik op die ontwikkeling van energiedoel-treffende geboue word bekendgestel.

Die opkomende mark vir herwinbare energiebronne, in besonder die vraag na voorgestelde sonkrag-opwekkingsaanlegte (beide foto-voltaïese en gekon-sentreerde sonkrag), ontwikkel stadiger as wat aanvanklik verwag is, maar die eerste bestellings vir plaaslik vervaardigde aluminium perspale is onlangs ontvang en sal na verwagting bestendig oor die volgende paar jaar voortduur.

MARC Group Beperk (MARC)

MARC is 'n Pan-Afrika-beleggingsmaatskappy in die sport- en vermaaklikheidsbedryf wat hom toespits op bemaking, kommunikasie en regtekommersialisering. Dit sluit in sekere strategiese filiaal- en ekwiteitsbeleggings in bemaking, borgskapbestuur, bestuur van groot gebeurtenisse, kaartjieverkope en rugby. Die groep is bedrywig in 16 verskillende Afrika-lande, waarvan Suid-Afrika, Nigerië en Kenia die grootste markte verteenwoordig.

Die belegging in MARC is met ingang van 30 Junie 2012 as 'n nie-bedryfsbate gehou vir verkoop geklassifiseer en gevolglik is MARC se resultate vir die tydperk onder oorsig nie by dié van Remgro ingesluit nie.

MARC se netto wins van R10 miljoen (2011: R2 miljoen) vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 is positief beïnvloed deur goeie groei in bedrywigheide in Nigerië, Kenia en Suid-Afrika.

MARC het gedurende die tydperk onder oorsig sy beleggings in Griffons Rugby (Edms) Beperk en House of the Brave (Edms) Beperk verkoop en sy SEB-aandeelhoudingvoertuig ontbondel, wat Remgro se belang in MARC na 78.3% verhoog het.

7. TESOURIE-AANDELE

Op 30 Junie 2012 is 2 279 155 Remgro gewone aandele (0.5%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde Remgro se aandele-aansporingskemas te verskans.

Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere 2 710 000 Remgro gewone aandele teen 'n gemiddelde prys van R149.56 per aandeel aangekoop vir 'n totale bedrag van R405.3 miljoen, terwyl 1 126 493 Remgro gewone aandele aangevend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skemedeelnemers, wat die regte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 31 Desember 2012 is 3 862 662 Remgro gewone aandele (0.8%) as tesourie-aandele gehou.

DIREKSIE

Mnr P E Beyers het as nie-uitvoerende direkteur van die Raad van Remgro met effek vanaf 31 Januarie 2013 uitgetree. Mev M A Ramphele het as onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Raad van Remgro met effek vanaf 31 Januarie 2013 bedank. Die Raad van Remgro het ook die aftrede van mev J A Preller as uitvoerende direkteur met effek vanaf 31 Maart 2013 goedgekeur.

Die Raad bedank hierdie direkteure vir hulle waardevolle bydrae oor baie jare.

VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

Sekondêre belasting op maatskappy (SBM) en dividendbelasting

Met ingang van 1 April 2012 is SBM vervang met 'n dividendbelasting. Ingevolge die nuwe wetgewing, sal maatskappy toegelaat word om hul beskikbare SBM-krediete, vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die effektiewe datum van dividendbelasting, teen toekomstige dividende aan te wend.

Verklaring van Dividend Nr. 25

Hiermee word kennis gegee dat 'n bruto tussendividend van 145 sent (2011: 126 sent) per aandeel verklaar is uit inkomstereserwes ten opsigte van beide die gewone aandele sonder pariwaarde en die ongenoteerde B-gewone aandele sonder pariwaarde, vir die halfjaar wat op 31 Desember 2012 geëindig het.

Die maatskappy sal SBM-krediete van 145 sent per gewone aandeel en 145 sent per ongenoteerde B-gewone aandeel aanwend. Daar sal gevolglik geen dividendbelasting afgetrek word op die bruto tussendividend vir enige Remgro-aandeelhouer nie.

Die uitgereikte aandeelkapitaal op die verklaringsdatum is 481 106 370 gewone aandele en 35 506 352 B-gewone aandele. Die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9500-124-71-5.

Belangrike datums:

Laaste dag van verhandeling ten einde vir die tussendividend te kwalifiseer	Vrydag, 12 April 2013
Aandele verhandel ex dividend	Maandag, 15 April 2013
Rekorddatum	Vrydag, 19 April 2013
Betaaldatum	Maandag, 22 April 2013

Aandeelsertifikate mag nie tussen Maandag, 15 April 2013, en Vrydag, 19 April 2013, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of rematerialiseer word nie.

Ingevolge die bepalinge van die maatskappy se akte van oprigting sal dividende slegs elektronies oorgeplaas word in die bankrekening van aandeelhouers, terwyl dividendtjeks nie meer gepos sal word nie. Indien u in die verlede dividendtjeks ontvang het, kontak asseblief die Oordragsekretaris om hulle van bevestiging van u bankrekening te voorsien.

Geteken namens die raad van direkteure.

Johann Rupert
Voorsitter

Jannie Durand
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch
19 Maart 2013

BYLAAG A SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

	Ses maande geëindig	
	31 Desember 2012 R'm	31 Desember 2011 R'm
Finansiële dienste		
RMBH	686	594
FirstRand	289	227
RMI Holdings	340	315
Nywerheidsbelange		
Mediclinic	(1 109)	191
Unilever SA Holdings	277	218
Distell Groep ¹	295	261
Rainbow Chicken	39	149
Tsb Sugar	258	308
Air Products South Africa	91	96
Grindrod	57	13
KTH	123	(37)
Total South Africa	146	117
PGSI	10	3
Wispeco	29	24
Ander nywerheidsbelange	-	(9)
Mediabelange		
Sabido	78	72
MARC	-	1
Ander mediabelange	(26)	(34)
Mynbelange		
Implats	-	112
Tegnologiebelange		
CIV groep ²	34	37
SEACOM	(7)	(19)
Ander tegnologiebelange	6	13
Ander beleggings	17	13
Sentrale tesourie	120	60
Ander netto korporatiewe koste	(34)	(76)
Wesensverdienste	1 719	2 649
Geweegde aantal aandele (miljoen)	514.1	513.9
Wesensverdienste per aandeel (sent)	334.4	515.5

Aantekeninge

1. Sluit beleggings in Capevin Investments Beperk en Capevin Holdings Beperk in.
2. Sluit die beleggings van CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, CIE Telecommunications (Edms) Beperk, CIV Power (Edms) Beperk, Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk en Dark Fibre Africa (Edms) Beperk in.

BYLAAG B**SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE**

	31 Desember 2012		30 Junie 2012	
	Boekwaarde R'm	Intrinsieke waarde R'm	Boekwaarde R'm	Intrinsieke waarde R'm
Finansiële dienste				
RMBH	9 808	16 053	9 438	13 758
FirstRand	3 408	6 814	3 258	5 801
RMI Holdings	5 451	9 254	5 530	7 810
Nywerheidsbelange				
Mediclinic	6 572	19 684	4 622	10 601
Unilever SA Holdings	3 145	8 187	3 051	7 026
Distell Groep ¹	2 473	7 086	2 258	5 935
Rainbow Chicken	2 114	3 183	2 139	3 140
Tsb Sugar	1 979	3 820	1 910	3 372
Air Products South Africa	669	2 829	642	2 774
Grindrod	2 482	2 342	2 315	1 871
KTH	2 432	2 328	1 765	1 667
Total South Africa	1 085	1 192	941	1 217
PGSI	567	577	581	585
Wispeco	438	353	409	350
Ander nywerheidsbelange	942	942	425	424
Mediabelange				
Sabido	900	1 987	845	1 768
MARC	234	222	168	168
Ander mediabelange	125	141	56	56
Tegnologiebelange				
CIV groep ²	1 465	1 629	1 428	1 550
SEACOM	551	946	586	926
Ander tegnologiebelange	145	154	228	226
Ander beleggings	1 562	1 021	1 200	839
Sentrale tesourie – kontant by die kern³	5 212	5 212	8 327	8 327
Ander netto korporatiewe bates	1 422	1 665	1 332	1 622
Netto batewaarde (NBW)	55 181	97 621	53 454	81 813
Potensiële KWB-aanspreeklikheid⁴		(4 023)		(3 319)
NBW na belasting	55 181	93 598	53 454	78 494
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele terugkoop (miljoen)	512.8	512.8	514.3	514.3
NBW na belasting per aandeel (Rand)	107.62	182.54	103.93	152.61

Aantekeninge

- Sluit die beleggings in Capevin Investments Beperk en Capevin Holdings Beperk in.
- Sluit die beleggings van CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, CIE Telecommunications (Edms) Beperk, CIV Power (Edms) Beperk, Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk en Dark Fibre Africa (Edms) Beperk in.
- Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik Rainbow Chicken, Tsb Sugar en Wispeco).
- Die potensiële kapitaalwinstbelasting (KWB)-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasietegniek deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings "beskikbaar vir verkoop" is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.
- Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.

DIREKSIE

Nie-uitvoerende direkteure

Johann Rupert (*Voorsitter*), E de la H Hertzog (*Ondervoorsitter*),
G T Ferreira*, P K Harris*, N P Mageza*, J Malherbe, P J Moleketi*,
M M Morobe*, F Robertson*, H Wessels*
(* *Onafhanklik*)

Uitvoerende direkteure

J J Durand (*Hoofuitvoerende beampte*),
W E Bührmann, L Crouse, J W Dreyer, J A Preller

MAATSKAPPY-INLIGTING

Sekretaris

M Lubbe

Notering

JSE Beperk

Sektor: Nywerhede – Algemene Nywerhede

Sake-adres en geregistreerde kantoor

Millenniapark
Stellentiaalaan 16
Stellenbosch 7600
(Posbus 456, Stellenbosch 7599)

Oordragsekretaris

Computershare Investor Services (Edms) Beperk
Marshallstraat 70
Johannesburg 2001
(Posbus 61051, Marshalltown 2107)

Ouditeure

PricewaterhouseCoopers Geïnk.
Stellenbosch

Borg

Rand Aksepbank ('n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)

www.remgro.com